BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: ______________________

# BERGREDE: BEGINSELS VIR CHRISTENE

## DEEL 1: WOEDE

## Die Gevaar van Woede

**Matteus 5:21-22** Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank'. [22] Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank...

**1 Petrus 2:23-24** Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel. [24] Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra…

**Matteus 5:22** ...Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur.

**Spreuke 12:18(AFR53)** Daar is een wat onverskillig woorde uitspreek soos swaardsteke, maar die tong van die wyse is genesing.

**Jakobus 4:1-2** Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie? [2] Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg…

## Jy, die oorsaak van woede

**Matteus 5:23-24** As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, [24] laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.

**2 Korintiërs 5:17-19(NLV)** Daarom – iemand wat aan Christus verbind is, is 'n nuwe skepping. Die ou dinge is verby, kyk, die nuwe is hier! [18] Hierdie hele nuwe werklikheid kom van God af, wat ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening gegee het. [19] Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en nie die mense se oortredings teen hulle hou nie. Hierdie boodskap van die versoening het Hy aan ons opgedra om te gaan verkondig.

**Matteus 5:25-26** As iemand 'n regsaak teen jou begin, kom betyds tot 'n skikking solank jy nog saam met hom op pad hof toe is, sodat hy jou nie voor die regter bring en die regter jou aan die polisie oorgee en dié jou in die tronk sit nie. [26] Dit verseker Ek jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie.

**Romeine 12:14** Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie.

**Romeine 12:17-18** Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. [18] As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

**Efesiërs 4:26-27** As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. 27 Moenie die duiwel vatkans gee nie...

**1 Korintiërs 13:5** [Die liefde] …hou nie boek van die kwaad nie.

## Jesus se Model

**Matteus 18:15-17(AFR20)** "As jou broer teen jou sondig, moet jy hom teregwys waar julle twee alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. [16] As hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke saak bevestig mag word. [17] As hy weier om na hulle te luister, sê dit vir die gemeente. En as hy ook weier om na die gemeente te luister, laat hy vir jou wees soos die heiden en die tollenaar.

### Vrae:

- Vir wie is ek kwaad?
- Hoekom is ek kwaad vir hulle?
- Wat weerhou my om hulle te vergeef soos Christus my vergeef het?
- Wat is jou volgende stap?

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*